Cambridge Assessment International Education

# Cambridge IGCSE™

**AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE** **0548/02**

Paper 2 Listening **May/June 2021**

TRANSCRIPT **Approximately 45 minutes**

This document has **8** pages.

© UCLES 2021

TRACK 1

**E** This is the Cambridge Assessment International Education, International General Certificate of Secondary Education in Afrikaans as a Second Language. Syllabus 0548, Paper 2 Listening, May/June 2021.

Instructions to candidates.
Write your Centre number, candidate number and name on all the work you hand in.
Write in dark blue or black pen.
Do not use staples, paper clips, highlighters, glue or correction fluid.

There are instructions about how to answer the questions above each item on the question paper. You need not write in full sentences. Dictionaries are not permitted.

Before each recorded item is played, time is allowed for reading the instructions and studying the questions. All items are heard twice. You may take notes and write your answers at any time during the test.

The number of marks is given in brackets at the end of each question or part question.

A signal is used to introduce each item.

PAUSE 00’05’’

TRACK 2

SIGNAL

**M** **Oefening 1**

Luister na ’n praatjie waarin Kobie Pienaar, ’n ervare vlieënier, vertel hoe ’n noodlanding haar lewe gered het.

Beantwoord die vrae deur ’n regmerkie (✓) in die toepaslike blokkie te maak om aan te dui of die stelling **waar** of **onwaar** is.

Jy sal die praatjie twee keer hoor.

Jy het eers tyd om die vrae deur te lees.

PAUSE 01’00’’

* SIGNAL

**V** Ek is ‘n bestuurder by ‘n maatskappy en moes dringend na Polokwane in Limpopo vlieg om ‘n belangrike vergadering daar by te woon. Vrydagoggend vroeg, omstreeks sewe-uur, het ek van die Lanseria-lughawe af weggevlieg. Met die opstyg het ek geen probleme gehad met my ligte vliegtuig nie, maar ek was skaars in die lug toe al die instrumente op die instrumentepaneel sommer net ingee en my vliegtuig op 19 500 voet skielik krag verloor. Ek vlieg al sestien jaar en dit is die heel eerste keer dat so iets met my gebeur. Maar natuurlik is daar mos maar altyd ‘n eerste keer vir alles – sleg of goed.

PAUSE 00’05’’

© UCLES 2021 

Ek moes onmiddellik ‘n besluit neem om ‘n noodlanding uit te voer. Dit was die enigste opsie wat ek gehad het. Daar was nie tyd om nog verder te dink oor die gevaarlike posisie waarin ek was nie, want my vliegtuig het vinnig hoogte verloor. Ek sou op die N1-hoofweg naby Sandrivier moes probeer land, want dit sou die beste plek wees om die landing suksesvol uit te voer, maar tydens spitsverkeer sou dit moeilik wees. Toe het die kennis wat ek tydens my opleiding opgedoen het, ingeskop en my jare ondervinding as vlieënier het natuurlik ook gehelp. Ek het besluit om die enjin af te skakel en dan te gaan land.

Met swetende handpalms op die vliegtuig se stuurstang, het ek gelukkig ‘n oop spasie tussen al die motors op die snelweg gesien en daarna gemik. So amper het ek teen ‘n minibus voor my beland, maar ek kon mooi kophou en het die vliegtuig tot stilstand gebring sonder dat daar enige botsings was.

PAUSE 00’05’’

Al die mense in die voertuie se oë was so groot soos pierings toe hulle my en my vliegtuig hier tussen hulle op die pad sien. Dit was beslis die laaste ding wat hulle verwag het. Dit was vir my ‘n skrikwekkende ervaring en ‘n mens wonder wat sou gebeur het as dinge skeefgeloop het. Ek is só dankbaar dat niemand beseer is nie.

Na die gebeurtenis is die Tshwane-metropolisie na die toneel ontbied om die verkeer te reguleer. Die vliegtuig is van die pad af verwyder en die middag na die Wonderboom-lughawe gesleep, wat naaste was aan die plek waar ek geland het.

Daar is nie eens ‘n skrapie aan my vliegtuig nie. Ek was regtig gelukkig en voel baie verlig. Die Burgerlugvaartowerheid moet egter volgens wet die voorval ondersoek. **

PAUSE 00’05’’

**M** Jy sal die praatjie nou weer ’n keer hoor.

REPEAT FROM * TO **
PAUSE 00’20’’

TRACK 3

SIGNAL

**V** **Oefening 2**

Lindiwe Mhkize werk vir ‘n maatskappy wat rommel herwin. Sy gesels met Terence Peterson, die voorsitter van sy skool se herwinningsklub. Luister na hul gesprek.

Beantwoord die vrae deur die korrekte antwoord, **A**, **B**, **C** of **D** te kies en ’n regmerkie (✓) in die blokkie langs jou keuse te maak.

Jy sal die gesprek twee keer hoor.

Jy het eers tyd om die vrae deur te lees.

PAUSE 01’00

* SIGNAL

**M** Hallo, Lindiwe. Dankie dat jy tydens die skoolpouse kon kom gesels.

**V** Ek doen dit graag, Terence.

**M** Waar moet ‘n mens begin as jy goed wil herwin?

**V** Jy moet seker maak wat jy kan herwin. Die meeste plastiek in hierdie area is herwinbaar en ook papier, karton, blik en glas. Hou spesifieke dromme langs jou gewone vullisblik en gooi net produkte wat jy seker is, herwin kan word daarin. Probeer dan uitvind, bv. deur te google, wat herwinbaar is en wat nie. As jy dit weet, kan jy begin om ander artikels ook te herwin.

PAUSE 00’05’’

**M** Dit help baie om die regte inligting te hê, maar moet ons regtig alles was voordat ons dit weggooi?

**V** Jy hoef dit nie met seep te was of af te skrop nie, maar jy moet dit gou uitspoel sodat dit nie dalk plae soos muise of goggas lok nie. En vir die werkers wat die artikels uit die sakke verwyder en moet sorteer, is dit ook sleg as dit baie vuil is.

**M** Moet bokse en plastiekbottels platgetrap word?

**V** Beslis, want dan neem dit minder plek op sodat daar minder sakke is. Die mense wat dit wegry, hoef dan nie soveel kere te ry nie. As die groot sakke wat vervoer moet word vol lug is, veroorsaak dit meer besoedeling. Dit is ook nie omgewingsvriendelik nie.

**M** Ek het nie eers daaraan gedink nie. Ek wonder ook nou: as ‘n venster breek, kan ek daardie stukke glas in die glasdrom gooi?

**V** Dit moet jy nie doen nie. Vensterglas, gloeilampe en spieëls is nie suiwer glas nie. Daar is ekstra middels by, wat beteken dat hierdie tipe glas nie herwinbaar is nie. Net gewone glasbottels moet in die glasdrom ingaan.

**M** Kan jy asseblief net vinnig opsom watter artikels ons glad nie in ons herwinningshouers moet gooi nie?

**V** Foelie, sommige plastieksakke, pizzabokse met olie of vetkolle op, en gebruikte papierservette en snesies.

PAUSE 00’10’’

**M** Baie dankie, Lindiwe. Hierdie inligting is noodsaaklik as ‘n mens doeltreffend wil herwin. Is daar nog iets belangriks wat ons vergeet het?

**V** O ja, dinge soos blik, draad en plastiek kan ook gebruik word om interessante kunsvoorwerpe mee te maak. Dit is weer ‘n ander vorm van herwinning. As elkeen net sy klein deeltjie doen, kan ons saam ‘n groot verskil maak. Nie net by die skool nie, maar ook by die huis.

**M** O ja, by ons huis het ons die probleem dat mense in ons herwinningsakke na bruikbare goed soek.

**V** Weet jy, dit kan eintlik ‘n goeie ding wees, want dit is weer ‘n manier van herwinning. Jy kan hulle selfs help deur dalk te vra wat hulle soek en dan goed vir hulle eenkant neersit. Dan hoef hulle nie deur jou rommel te krap om artikels te soek nie. **

PAUSE 00’05’’

© UCLES 2021 

**M** Jy sal die gesprek nou weer ’n keer hoor.

REPEAT FROM * TO **
PAUSE 00’20’’

TRACK 4

SIGNAL

**V** **Oefening 3**

Natasha, ‘n ma van twee kleuters, het met ’n sielkundige, Ben Visser, gesels oor die invloed daarvan om na skerms te kyk op klein kinders.

Maak kort aantekeninge oor die gesprek in Afrikaans.

Jy sal die gesprek twee keer hoor.

Jy het eers tyd om die vrae deur te lees.

PAUSE 01’00’’

* SIGNAL

**V** Goeiemôre, Ben, ek het die afspraak met jou gemaak, want ek dink my twee kinders is albei besig om skermslawe te word. Die jongste is nog maar drie jaar oud!

**M** Hallo, Natasha. Ma’s en pa’s is deesdae hieroor bekommerd. Ek dink ek moet ook ‘n slag met ouers by die kleuterskool oor die onderwerp kom praat.

**V** Maar kan dit regtig so sleg wees as ‘n mens die kinders toelaat om leersame programme te kyk of speletjies te speel? Dan is hulle stroopsoet.

**M** Dis natuurlik baie gerieflik om gou die TV of tablet aan te skakel om die kinders besig te hou. Maar jy moet onthou: jong kinders leer meer deur direk met die wêreld in aanraking te kom. Aktiwiteite saam met jou of ‘n maatjie of tyd in die buitelug is die heel beste vir breinontwikkeling.

**V** Maar hoekom hou kinders so baie daarvan om na ‘n skerm te kyk?

**M** Op TV of ‘n tablet is alles ‘n spannende storie met aksie, klanke en vinnige beelde. Net die opwindendste oomblikke word gewys. Minder interessante dinge sny die vervaardigers van die programme uit en wys dit nie.

**V** Dis waar. Ek het nog nie só daaraan gedink nie.

**M** Wat óók gebeur, is dat wanneer hierdie fantasiewêreld afgeskakel word, die regte wêreld maar vervelig voel. Hou ‘n bietjie die kinders by die volgende kinderpartytjie dop – baie van hulle stel nie belang in die towenaar of ander vermaak nie, want dis glad nie so opwindend soos die flitsende ligte en ontploffings op die TV nie. En soms is kinders selfs verveeld in ‘n dieretuin, want die leeu lê dan net daar en gaan nie jag soos op die skerm nie.

PAUSE 00’10’’

**V** Ek sien ook kinders probeer dinge naboots; hulle wil doen wat karakters op die skerm doen.

© UCLES 2021

**M** Ja, dis hartseer dat sommige kinders dan voel hulle is nie goed genoeg as hulle nie daardie dinge kan doen nie. Kinders is groot nabootsers en dit kan gevaarlik wees as hulle karakters se aksies wil naboots. Dit lyk so maklik op televisie; ‘n probleem word binne ‘n halfuur in die program opgelos. As die regte wêreld maar so gewerk het!

**V** En wat van al die advertensies op TV?

**M** Kinders verstaan nie die verskil tussen advertensies en programme nie. ‘n Kind is ‘n sagte teiken en hulle word beïnvloed om dinge te wil hê waarvan hulle nie eens sou geweet het as hulle dit nie op ‘n skerm gesien het nie. Hulle wil alles hê wat hulle sien en kan materialisties word.

**V** Hoeveel skermtyd moet kleuters kry?

**M** Klein kinders se slaap word versteur as hulle te veel tyd voor ‘n skerm deurbring. Babas onder 18 maande behoort glad geen skermtyd te hê nie, daarna eers net ‘n halfuur, en vir ‘n ouer kleuter ‘n uur per dag.

PAUSE 00’10’’

**V** Groter kinders bring ook baie tyd op hulle selfone deur en speel ook daarop speletjies. Hulle kommunikeer ook gedurig daarop met hul maats.

**M** Ja, die gevaar van te veel skermtyd van kleins af is dat kinders daaraan verslaaf raak. Maar as jy streng is, sal jou kind elke dag meer kans hê om te leer. Hulle sal dan nie later net op ‘n skerm staatmaak as die enigste bron van vermaak en interaksie nie. Stel jy self ook ‘n voorbeeld deur minder te kyk.

**V** Ek gaan jou wenke toepas, Ben. Dit maak alles vir my sin.

**M** ‘n Mens moet maar probeer, Natasha. Ons leef in ‘n elektroniese wêreld. **

PAUSE 00’10’’

**M** Jy sal die gesprek nou weer ’n keer hoor.

REPEAT FROM * TO **
PAUSE 00’20’’

TRACK 5

SIGNAL

**M** **Oefening 4**

George Viljoen is 71 jaar oud en het onlangs vanaf Roodepoort, naby Johannesburg, tot by die Groenpunt-stadion in Kaapstad gestap. Aisha Asmal, ‘n joernalis, het met hom gesels. Luister na die gesprek.

Beantwoord die vrae in Afrikaans.

Jy sal die gesprek twee keer hoor.

Jy het eers tyd om die vrae deur te lees.

PAUSE 01’30’’

* SIGNAL

**V** George, wat het jou laat besluit om van Roodepoort na Kaapstad te stap?

**M** Aisha, ek het besluit ek wil ‘n ongewone ding doen. Ek het al tien keer die Comrades-marathon voltooi, maar was lus vir ‘n nuwe uitdaging. Ek het eers daaraan gedink om met my fiets te ry, maar motoriste ry soms so onverskillig dat dit gevaarlik kan wees met ‘n fiets op die pad.

**V** Het jy lank gedink voordat jy finaal besluit het om te voet die langpad te vat?

**M** Ek het sommer gou, een Woensdag, besluit om dit te doen en die Saterdag het ek begin oefen deur 30 kilometer te probeer stap. Ek het gedink ek is fiks genoeg, maar ek het my misgis. Omdat ek heeltemal onvoorbereid was, het ek baie swaar gekry. My vrou moes my op 19 km met die motor kom haal.

**V** Maar jy het nie moed opgegee nie.

**M** Ek het besef ek moes baie meer oefen en ‘n oefenprogram opstel. Ek het toe elke Maandag en Woensdag 10 km gaan stap en Saterdae 30 kilometer. Die Saterdae het ek swaargekry en besef dat ek vir myself ‘n baie moeilike einddoel gestel het. Ek het egter vasgebyt totdat ek tevrede was dat ek Saterdae se 30 km maklik kon voltooi.

PAUSE 00’10’’

**V** Sjoe! Wanneer het jy toe op die reis vertrek?

**M** Ek wou in September verlede jaar begin, maar ek was net nie fiks genoeg om elke dag 30 km te stap nie. Eers op 15 Mei vanjaar het ek my eerste tree gegee. Ek het soggens stiptelik om sesuur begin stap sodat ek die 30 km maklik voor die aand kon aflê. Ek het nie op hoofpaaie geloop nie, verkieslik op grondpaaie. Op die plek waar ek opgehou het, het ek op my selfoon ‘n merker op my stap-app geplaas. Die volgende oggend het ek op daardie presiese punt begin. My vrou het my daar kom oplaai en die volgende oggend teruggebring daarheen. Ons het langs die pad in gastehuise geslaap.

**V** Het jy enige beserings opgedoen of siek geword?

**M** Eendag het ek die vel van my een hak heeltemal afgestap. Ek het toe probeer om met sandale te stap, maar my voete het te seer geword en vyftien km verder kon ek dit nie meer uithou nie. Die volgende dag kon ek net elf km stap voordat ek weer moes stop. Ek het toe ‘n gat in die stapskoen se hak gesny, dit met kleefband toegeplak en weer begin stap.

PAUSE 00’10’’

**V** Jy het baie ver op ‘n dag gestap. Moes jy nooit ‘n dag of twee langs die pad rus voordat jy weer aangegaan het nie?

**M** Ja, ek het na my besering begin om drie agtereenvolgende na dae eers ‘n dag te rus om alles gereed te kry vir die volgende paar dae. Dan het ek weer die pad gevat. Op 11 Augustus het ek in Kaapstad aangekom. Ek het 1566 km in 88 dae afgelê. Die meter op my foon het gewys dat ek 1 874 992 treë gegee het.

**V** Watter gedagtes het deur jou kop gegaan toe jy die dag by jou bestemming aankom?

**M** Ek was ontsettend verlig en dankbaar dat ek enduit kon volhou, maar ek het ook besef my staptog het nie net daaroor gegaan om my bestemming te bereik nie. Ek het die hele afstand alleen

© UCLES 2021

geloop en nooit enige moeilikheid teëgekom nie. Mense het langs die pad met my gesels en vir my water aangebied. Ek weet nou ons land is vol vriendelike, behulpsame mense. **

PAUSE 00’10’’

**M** Jy sal die gesprek nou weer ’n keer hoor.

REPEAT FROM * TO **
PAUSE 00’30’’

SIGNAL

**M** Dit is die einde van die toets.

**E** This is the end of the examination.

Permission to reproduce items where third-party owned material protected by copyright is included has been sought and cleared where possible. Every reasonable effort has been made by the publisher (UCLES) to trace copyright holders, but if any items requiring clearance have unwittingly been included, the publisher will be pleased to make amends at the earliest possible opportunity.

To avoid the issue of disclosure of answer-related information to candidates, all copyright acknowledgements are reproduced online in the Cambridge Assessment International Education Copyright Acknowledgements Booklet. This is produced for each series of examinations and is freely available to download at www.cambridgeinternational.org after the live examination series.

Cambridge Assessment International Education is part of the Cambridge Assessment Group. Cambridge Assessment is the brand name of the University of Cambridge Local Examinations Syndicate (UCLES), which itself is a department of the University of Cambridge.